**Bellville-Oos**
GEREFORMEERDE KERK

**16 Augustus 2026**

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:30) : Ds Jaco Linde

**Tema:** ***Waar die mond van vol is...***

**Voorsang:** Ps 4: 1 en 4
**Votum en Groetseën**
**Sing:** Lied 265: 1,2
**Gebed**
**Wet van die Here:** Deut 30
**Sing:** Lied 510: 1,2,3,4
**Woordverkondiging**
**Skriflesing:** Romeine 10

**Belydenis en Doop: Daniel, Nadine en Jason Davies**
**Sing:** Ps. 9: 1,en Ps 134:4
**Geloofsbelydenis**
**Gebed**

**Sing:** Lied 190: 1,2,3
**Offergawe**
**Slotseën**

## English Service (16:30) : Ds Tshidiso Moletsane

**Scripture: Psalm 73**

- **Sing:** Now thank we all our God
- **Sing:** What a Friend we have in Jesus
- **My eyes have seen the Lord**

**Apostolic Creed**

**Sermon**

- **Sing:** Amazing Grace
- **Sing:** It is well with my soul

**Benediction**
**Doxology**

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Tema:** ***Wys jou ware geloof wat God jou gee uit jou dade.***

**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps. 148: 1,2,3,8 en 9 (Totius)
**Gebed**
**Sing:** Lied 257: 1-3
**Woordbediening**
**Skriflesing:** Jakobus 2: 14-26 en HK 24

**Tema:** ***Wys jou ware geloof wat God jou gee uit jou dade.***
**Gebed**
**Sing:** Sb 15-5: 2,5,7
**Uitstuurseën**
**Amen**

# Waarvoor kan ons bid?

- Ons dank die Here vir al sy genade wat Hy so sonder dat ons dit verdien oor ons uitstort
- Ons dank die Here dat ons kan sien hoe Hy in mense se lewens werk en dat ons vandag kan sien hoe 'n hele gesin gedoop word.
- Ons bid dat ons saamgebind sal word in die Heilige Gees se liefde
- Ons bid dat die Here met almal sal wees wat siek is en deur swaar tye gaan.

Chri-sante: **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE**: https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Huis Boland
**Sondag 23 Augustus :** Diakonale Kas en Expando

| | **VANDAG:** | **Sondag 23 Augustus:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Carike Byker-Nel | Bart van Milligen |
| **Projektor:** | Jenny Wendt | Arne SIngels |
| **Teeskink:** | GF13; GF14; KU2; TY1 | GF15; GF16; ST3 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Christo Botha en Chris Jacobs
**Sondag 16 Augustus**: Wagner Human en Hennie Kruger

**DAGBOEK 16 Augustus tot 23 Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 9:00 |
| Ma 17 Aug | Bybelstudie - aand | GKBO voorportaal | 19:00 |
| Di 18 Aug | Griefshare sessie 1 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Di 18 Aug | Koningskinders Logistieke verg | Aan huis Vreulinks | 19:30 |
| Wo 19 Aug | Bybelstudie - oggend | GKBO klein saal | 10:00 – 11:00 |
| Do 20 Aug | Weskus Bybelstudie | 10 Jacobussingel | 18:45 |
| Do 20 Aug | Studente Bybelstudie | By Jaco Linde | 19:30 |
| Vry 21 Aug | Hoërskool Bybelstudie | GKBO klein saal | 18:00 |

# Van die Kerkraadstafel:

**Ds Jaco en Suzaan** neem vanaf 17 Augustus verlof en sal vir twee weke uitstedig wees. Mag julle hierdie ruskans baie geniet, goed uitrus en veilig terugkom.

**Op 27 Augustus** vind daar weer 'n gesamentlike konferensie met GKBO, GK Bellville en die Vrye Gereformeerde Kerk plaas. Dit sal DV om 19:00 hier in ons kerkbegou geskied. **Almal is hartlik welkom. Tema**: **Hoe hanteer ons konflik vanuit 'n Christelike perspektief.** Aanbieder is Ds Johan Bruintjes van die VGK Bellville.

**Vanaf *Sondag 6 September*** skuif ons oggenderedienste weer na **Somertye**. Ons oggenderedienste sal dus dan om **9:00** begin. Die Engelse eredienste sowel as die aanderedienste se tye bly dieselfde, onderskeidelik 16:30 en 18:00.

## Geloofsbelydenis en bediening van die sakrament van die doop :

**Daniel en Nadine Davies** het na kategese en ondervraging deur die Kerkraad, die begeerte uitgespreek om vandag hulle Belydenis van Geloof voor die Here en die gemeente af te lê, waarna die sakrament van die Doop ook aan hulle sowel as aan 2-jarige **Jason** bedien sal word. Ons is saam met hulle die Here baie dankbaar dat hulle deur die Heilige Gees ook tot geloof gekom het. Mag hulle daagliks van Sy trou en nabyheid bewus wees en saam met die gemeente groei in geloof. Ons verwelkom hulle dan ook by ons in die gemeente.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Ena Kruger** is Woensdag in Melomed Hospitaal opgeneem met bloedsomloop probleme. Sy is ontslaan maar word Maandag weer opgeneem vir verdere toetse en moontlik 'n stent. Mag sy sommer gou weer heeltemal herstel!
- **Andries Venter** is met beenmurgkanker gediagnoseer. Ons bid hom die nabyheid van die Here met die behandeling wat voorlê en bid dat dit suksesvol sal wees.
- **Evert Veenstra** ondergaan Dinsdag 18 Augustus 'n baie delikate operasie by die Surgical Institute om die deel van die skedel met 'n veloorplanting te bedek. Hy is nog baie swak na sy onlangse hospitalisasie. Ons bid dat die operasie geslaagd mag wees en dat hy sy kragte mag herwin.

## Baie dankie

Liewe gemeente

Na vyf maande van konstant in die hospitaal wees, en nou amper drie maande tuis, kon ons op Sondag 2 Augustus vir die eerste keer vir Liané saam met ons kerk toe neem.

Ons harte is so dankbaar. Baie dankie aan elkeen wat vir ons en vir Liané gebid het, ons ondersteun en steeds doen. Elkeen wat saam met ons hierdie pad stap. Julle liefde, gebede en omgee beteken vir ons ongelooflik baie.

Ons waardeer dit opreg om deel te wees van so 'n liefdevolle geloofsfamilie. Aan God gee ons al die eer!!
Liefde – Tiaan, Chanté en Liané Opperman.

## Griefshare

**Die volgende "*Griefshare*"** program, onder leiding van Reinder, begin op **Dinsdagoggend 18 Augustus om 9:30** agter in die konsistorie. Lidmate en ander belangstellendes is steeds welkom om in te skryf. Kontak asseblief vir Reinder op 084 827 2443.

**Verwelkomings:** Ons is geseënd om vandag weer nog ‵n aantal nuwe lidmate te verwelkom. Mag hulle ook hier by ons ‵n geestelike tuiste vind.

**Gerhard en Monique Cornelis** met hul dogter Miané, was voorheen lidmate van die GK Ontdekkers in Roodepoort voordat hulle hierheen verhuis het. Gerhard werk by die Shoprite Groep en Monique is ‵n Eise Administrateur vir AliSom Communications.

**Jané Craven** sluit by ons aan vanaf die NG Kerk Durbanville-Bergsig. Jané is die vriendin van Herman Lubbe en is tans ‵n student.

**Stefan en Klarissa Oosthuizen**met hulle kinders **Leah (4jr) en Marli (2jr)** kom van die NG Kerk Kenridge. Stefan is ‵n mediese dokter (Wes Kaapse Dept van Gesondheid). Klarisa is ‵n sensoriese Integrasie Arbeidsterapeut, maar is tans ‵n tuisbly mamma.

**(Alle persoonlike inligting en fotos is verwyder in lyn met die Popia wetgewing.**

## Vrolike Veterane:

**Wat weet jy van Roofvoëls?**
Douw Kruger hou hulle van jongs af dop en gaan ons meer van hulle kom vertel. Hy vertoon fotos van roofvoëls wat roofvoëls beroof, hoe hulle hier in ons betonoerwoud hulle tuisgemaak het en baie ander interessante verskynsels in hulle lewe.

Weens 'n langnaweek tussen-in kom ons eers op 17 Augustus bymekaar.
Kom luister gerus en gesels saam.

Plek: **In die kerk** Tyd **9:30** Datum: **Maandag 17 Augustus**


**TUISVERSORGER BESKIKBAAR**

'n Ervare tuisversorger (lyers aan Demensia, Alzheimers, bedlêend of rystoelgebonde) is beskikbaar. Sy woon in Brackenfell, maar kan ook inslaap en het haar eie vervoer.

Skakel asseblief vir Elsabe Wiese by 083 533 2591

## Mediateek


G Beeken: *Ander verwag 'n hopelose einde, maar die wat in God glo, 'n eindelose* ***hoop****.*
*Nou het ons 'n lewende* ***hoop*** *op die onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.* (1 Petrus 1:1-3)
*Mag die God van* ***hoop*** *julle deur julle geloof met alle blydskap en vrede vervul.* (Rom. 15:13)
Lees meer oor hierdie wondergeskenk van **hoop** wat in ons leef:












## Laerskool aksie Graad 4 - 7 bied aan: Wat is kerk?

**Datum: 11 September 2026 (Vrydagaand)  Tyd: 18:00**

**Wat dit behels:** Ons gaan 'n paar vinnige speletjies speel om te leer *wat is kerk*? Ons gaan ook leer wat binne ons gemeente aangaan. Die jeug is reeds deel van die kerk van Christus dus moet hulle leer wat dit beteken.

Daar gaan pryse wees vir die kinders om te wen.   Hier is 'n paar vrae wat julle as 'n gesin kan bespreek ter voorbereiding.

- Wat is kerk?
- Hoekom gaan ons kerk toe?
- Wat is 'n Dominee/Diaken/Ouderling?
- Wat is my rol in die kerk?



Ons gaan die vuur aansteek vir die ouers om 'n lekker worsie te kan braai, en so met mekaar te kan kuier.
**Vir enige navrae kontak gerus vir Zea Duffy: 076 301 4911**

## Berigte vir die Boodskapper

Berigte vir die Boodskapper moet asseblief **SLEGS PER EPOS na admin@gkbo.org.za** gestuur word, en *nie per whatsapp nie.* (Die kantoor ontvang geen eposse van die onbemande adresse nie.)

Berigte moet ook asseblief voor Donderdae-oggende om 10:00 die kerkkantoor bereik.  Baie dankie vir u samewerking hiermee.



# Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Mechiel Venter, Kobie Fouché, Sherril Harm, Harding Joubert, Louise Lahner en Susan Venter.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Sondag** | **16-Aug** | MARLENE | BUYS | GF15 |
| | | JACQUES | DUFFY | GF26 |
| | | RB | FOURIE | GF03 |
| | | DRIAAN | VAN WYK | GF29 |
| | | **MECHIEL** | **VENTER** | **BR3** |
| **Maandag** | **17-Aug** | LUKAS | BLIGNAUT | KU2 |
| | | **KOBIE** | **FOUCHÉ** | **OA1** |
| | | CHRISTIAAN | MALAN | GF09 |
| **Dinsdag** | **18-Aug** | **SHERRIL** | **HARM** | **VR2** |
| | | EMILE | JOUBERT | GF19 |
| | | ADRI | OOSTHUYSEN | GF05 |
| | | ARNO | VENTER | DN1 |
| Woensdag | 19-Aug | ERMA | DE WAAL | EV2 |
| | | STEFAN | SWANEPOEL | GF08 |
| | | MIAS | VAN DER WALT | GF02 |
| **Donderdag** | **20-Aug** | SANDRA | DOUMA | GF32 |
| | | **HARDING** | **JOUBERT** | **BL2** |
| | | GJ | KRUGER | KR2 |
| | | **LOUISE** | **LAHNER** | **KU1** |
| | | JANA | VAN SCHOOR | KU1 |
| | | **SUSAN** | **VENTER** | **TY2** |
| Vrydag | 21-Aug | CARINA | OOSTHUIZEN | BL1 |
| | | MATTHIAS | VAN ZYL | GF06 |
| Saterdag | 22-Aug | STIAN | BOTHA | GF23 |
| | | HEINRICH | STREICHER | EV2 |



# GKBO-Inligting

**Eredienstye:** **(Somer)** 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
**Engelse dienste: 16:30**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kerkkantoor:** | 08:30 – 14:00 | admin@gkbo.org.za | ☎ 082 712 4629 |
| **Kassier:** | | kassier@gkbo.org.za | ☎ 083 659 1301 |

| | | |
|---|---|---|
| **Ds.** Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | reynold@gkbo.org.za | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**

Bydraes kan ook per debietorder / Zapper betaal word. Skakel die kassier of kerkkantoor vir 'n Bydraevorm

**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**